

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-08-25 en 26

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 135

(Bladsye 6 657 - 6 696)

HOF HERVAT OM 14h00 OP 25 AUGUSTUS 1986.

LUKAS CORNELIS ANDRÉ PRUIJS, nog onder eed

KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg): Die finale punt waarop ek u wil vra in verband met die verenigde fronts is om aan u te wys 'n beskrywing van die gebeurtenis van 31 Mei 1986 by die Monument hier in Pretoria. Sal u asseblief na 'n deel van die Rapport nuusblad kyk van 1 Junie 1986 wat beskryf die rol van die AWB. Stem u saam dat die AWB nie 'n politieke party is nie? -- Nee, dit is nie 'n politieke party nie.

(10)

En van tyd tot tyd gebruik dit onkonstitusionele metodes?

-- Ja.

En as die inhoud van die berig korrek is, blyk dit dat 'n organisasie wat onkonstitusionele metodes gebruik en nie 'n politieke party is nie, saam met 'n politieke party wat op 'n konstitusionele manier werk, saam werk om iets te bereik. Stem u saam? -- Ja, 'n organisasie wat nie 'n politieke party is nie, kan saam werk met 'n politieke party om 'n doelwit te bereik.

My Lord, I ask for leave to hand it in.

(20)

COURT : It will be AAQ(56). Which portions of this report is relevant to you?

MR BIZOS : The whole of it, but I have summarised it on the basis that this was an organisation which took the initiative to bring two political parties together for a common function.

Sal u saamstem dat as die berig korrek is dat mobilisering en politisering daar plaasgevind het? -- Watter komponent van die berig verwys u nou na?

Dat daar toesprake daar gemaak is en die belangrikheid (30) van die eenheid van die volk is op uitgebrei?

MNR. JACOBS : U Edele, kan die getuie miskien die geleentheid gegee word, want hy het nou gevra watter komponente, dat hy miskien die berig deurlees.

HOF : Wil u die berig lees? -- Asseblief.

U wil seker nie hê die getuie moet lees van die twintig televisiespanne nie?

MNR. BIZOS : Nee.

HOF : Watter deel wil u hê moet hy lees?

MNR. BIZOS : Kan ek dit vir u lees. "Vele boodskappe is gister met die viering van Republiekdag die wêreld ingestuur. Die AWB wat klaarblyklik die regse politieke aksie gekap het, het by Monumentkoppie die skare opgesweep met slagspreuke en militarisme om 'n romantiese boere verlede te laat herleef." Laat ons nie verder as dit gaan nie. Sal u saamstem dat as u die berig nou reg is dat daar mobilisering en politisering besig was om plaas te vind by die monument? -- Wel, ek sou sê politisering spesifieker. Miskien net een faset wat u genoem het om volkseenheid te bewerkstellig. Dit gaan nie hier oor volkseenheid nie, omdat daar seer sekerlik Afrikaners en ander politieke partye aanwesig is, maar die koerant maak hier melding van regse politieke aksie. So, dit is 'n bepaalde politieke standpunt waaragter hierdie mense hulle moet skaar na aanleiding van die toesprake wat gelewer word.

Kyk na die laaste paragraaf op die linkerkant. "Die regse politieke groepe het met die byeenkoms op Monumentkoppie gepoog om hulle eenheid te konsolideer teenoor die hervormingspolitiek van die regering." Is dit politisering? -- Ja, dit is bewus maak van 'n spesifieke standpunt.

"Na verskeie weke van politieke skermutselinge is dit duidelik dat 'n konfrontasie in die Afrikaner politiek

finale beslag begin kry. Die houding van die regering soos blyk uit uitsprake van die afgelope week is dat geen kompromises met hierdie groepe moontlik is solank hulle slagspreuke wat teruggryp na die verlede nie. Die grootste regse magsvertoon wat Suid-Afrika nog gesien het, is gister deur die land se vier groot regse groepe by die Voortrekker Monument gedemonstreer. Die leier van die Afrikaner Weerstandsbeweging, mnr. Eugene Terre'Blanche het terselfdertyd sterk op die voorgrond getree as die regses se onbetwiste held van die oomblik. Ondanks beloftes vroeër in die (10) week het prof. Carl Boshoff van die Afrikaner Volkswag dat dit 'n stil fees sou wees sonder party politieke kleur het die saamtrek sommer met die intrapslag van die eerste spreker, dr. Andries Treurnicht ontaard in 'n opsweepende politieke magsmonsterring. Die ander sprekers was mnr.

Jaap Marais van die HNP, mnr. Terre'Blanche en prof. Boshoff. Dit was 'n dag van die vlag. Die skare wat konserwatief op tussen vyftien- en twintigduisend geraam word, het met oorgawe die Nazi-agtige rooi en swart AWB vlae en ook die Transvaalse vierkleur geswaai. Hulle het uit die vier (20) provinsies na die Monument opgetrek. Baie is met busse aangery." Ensovoorts, daar was jong mense. Sal u sê dat dit politisering en mobilisering was deur politieke partye binne die konstitusionele stelsel en wat buite die konstitusionele stelsel werk? -- Ja, politieke partye in terme van die twee partye wat u hier genoem het en dan in terme van die AWB 'n nie-politieke party wat soos wat dit hierin voorkom mense probeer monster ten opsigte van 'n bepaalde sentiment teruggryp na die verlede.

Ek wil 'n paar vrae aan u stel dat die soeke van (30) eksterne ondersteuning wat u ook as 'n vooruitsig beskou het,

... / weet

weet u of die Swartmense van Suid-Afrika en ook die Afrikaners, die boere aan die begin van die eeu, vir hulp in die buiteland gesoek het? -- Hulp ten opsigte van 'n rewolusionêre stryd?

Hulp gesoek het? Waarom moet dit vir 'n rewolusionêre - u weet dit lyk of u die gedagte in u kop het die hele tyd.

Weet u of Swartmense vir hulp gevra het van die buiteland vir ongeveer 'n honderd jaar? -- Nee, ek kan nie aan spesifieke gevalle dink waar daar gevra is vir hulp nie.

Wat was die houding van die Afrikanerdom teenoor (10) die London Mission Society? -- Nee, ek weet nie.

U weet nie? -- Nee.

Het u nooit geleer dat die Swartmense die verteenwoordigers van die London Mission Society genader het vir hulp omdat hulle gevoel het dat hulle onderdruk was deur die Witmense hier in Suid-Afrika nie? -- Ek kan nie so iets onthou nie.

Beteken die naam dr. Philip iets vir u? -- Ja, ek het al van dr. Philip gehoor in die verlede. Ek kan hom nie plaas binne 'n spesifieke konteks nie. (20)

Of die klagtes van die Swartmense of die klagtes van die Witmense teenoor hom, u weet niks daarvan nie? -- Nee, ek kan my nie so iets voorstel nie.

Wanneer het die parlement by Westminster die wet gedebatteer om die unie van Suid-Afrika in stigting te bring? Weet u? -- Nee, ek kan nie 'n spesifieke datum onthou nie.

Watter jaar? -- Nee, ek kan nie 'n spesifieke jaar ook onthou nie.

Ek stel dit aan u dit was 1909. Dra u kennis of 'n deel van die Swartmense van Suid-Afrika enige verteenwoordiger (30) na London gestuur het of nie? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Beteken die naam William Schreiner eniglets vir u?

-- Nee.

Weet u nie dat hy 'n sending geleei het namens die Swartmense van Suid-Afrika om die lede van die parlement in Brittanje te oortuig om nie die wet - vir die wet te stem omdat die regte van die Swartmense nie gedefinieer was in daardie wet nie? -- Nee.

Beteken die naam Solomon Plaatjies iets vir u? -- Ja, ek het die naam al iewers gesien, maar ek kan hom nie nou in 'n spesifieke konteks plaas nie. (10)

Dra u kennis of hy gedurende 1916 en 17 met sy kollegas na Brittanje gegaan het om te probeer hulp kry in verband met die stryd van die Swartmense vir politieke regte? -- Nee.

Die Afrikaner self, het hulle nie in hulle stryd oor vryheid voor die oorlog en daarna hulp gesoek by die liberale party in Brittanje nie? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie.

Weet u watter party was aan bewind gewees gedurende 1892 en 1899 van die twintigste eeu? -- Nee.

Beteken die naam Asquith iets aan u? -- Nee. (20)

Emily Hobhouse? -- Ja, van Emily Hobhouse het ek al gehoor.

Was sy nie een van die persone van buitekant wat aan die Afrikaners geld geleent het nie? -- Dit is so.

Kritiek van die regering se beleid, sal u saamstem dat dit die reg is van mense in 'n demokratiese stelsel om kritis te wees aangaande die regering se beleid? -- Ja, beslis.

Sterk kritiek? -- Daar kan ook sterk kritiek uitgespreek word.

Ek wil iets aan u stel en u vra of u saamstem of nie. Wat van protes? Het mense die reg om te protesteer

... / teen

teen die regering se beleid? -- Kan u dalk die protes beter omskryf?

Wel, wat verstaan u onder protes? -- Dat daar teenstand kan wees teen 'n bepaalde aspek binne die beleid en dat protestering kan plaasvind woordeliks, maar dat mense dalk ook deur middel van 'n demonstrasie, ordelike demonstrasie, hulle protes kan uitspreek.

Sal u saamstem dat in 'n doeltreffende demokrasie die samelewing moet leer om hoë vlakke van protes in buite parlementêre aggitasie te bekostig en te verdra? -- Af- (10) hangende van wat die vorm is van sodanige protes en buite parlementêre aggitasie, soos wat u dit nou gestel het.

Sal u saamstem dat dit baie belangrik is in 'n gemeenskap waar die meerderheid van die mense van mening miskien is dat hulle nie meningvol stemreg het nie? -- Dat daar dan 'n vorm van protes kan wees?

Ja. -- Ek glo mense sal protes kan uitspreek.

Sal u saamstem dat amptenary en politieke leierskap miskien van tyd baie stadig bewegend is in demokratiese lande? -- Ja-nee, ek stem daarmee saam. (20)

En dieselfde amptenary en politieke leierskap onsimpatiek is teenoor die griewe van die mense? -- Ek dink nie 'n mens kan so 'n breë veralgemening maak nie. As u praat van amptenary en politieke leierskap dan sluit dit die totaliteit in terwyl u dalk indiwidue moet uitsonder wat onsensitief kan wees, maar ek glo dat daar mense kan wees wat onsensitief kan wees binne die demokrasie.

Gebeur die in demokratiese gemeenskappe dat die protes baie belangrike politieke kommunikasie kan wees? -- Om die regering bewus te maak? (30)

Ja. -- As dit die doel is van kommunikasie kan dit 'n ... / belangrike

belangrike doel dien.

En as die amptenary en die leierskap nie luister nie, is dit nodig van tyd tot tyd om die protes skerper te maak tot hulle hoor? -- Nee, ek glo nie dit is nodig om sodanige werkswyse te volg om protes te intensifeer nie.

Dit sal seer sekerlik of ons sal seer sekerlik vind dat daar 'n meningsverskil is tussen die mense wat die griewe moet oorleef en die mense wat 'n deel van die amptenary en die leierskap vorm? -- Ja, daar kan meningsverskil wees.

Sal u saamstem dat - ek wil die Engelse uitdrukking (10) gebruik "civil disobedience" nie 'n rewolusionêre aktiwiteit is nie?

HOF : Burgerlike ongehoorsaamheid.

MNR. BIZOS : Dankie. -- Burgerlike ongehoorsaamheid in die algemene sin of bedoel u nou in 'n georganiseerde sin?

Ek meen burgerlike ongehoorsaamheid. Is dit beskou deur politici en skrywers in die politiek as 'n rewolusionêre optrede of nie? -- Dit kan deel wees van rewolusionêre optrede.

Dit kan, maar dit is nie noodwendig so nie? -- Dit (20) kan ook 'n ander komponent vorm as dit nie in 'n georganiseerde hoedanigheid voorkom nie.

Wie is die persoon wat die oupa van die aktiwiteite is in die twintigste eeu? -- Van burgerlike ongehoorsaamheid?

Ja? -- Nee, ek weet nie.

Het u ooit van Ghandi gehoor.

COURT : Ghandi was passive resistance. Dit is leidelike verset in AFrikaans. Civil disobedience is burgerlike ongehoorsaamheid.

MR BIZOS : I am told that in English there are alternative words, but any way, be that as it may, I will put both.

Die een is 'n deel van die ander, is dit nie? -- Wat burgerlike ongehoorsaamheid betref sal u baie meer spesifiek moet wees. Wanneer ons kyk na die owerheidstaak en die kwessie van die owerheidstaak dan hy ookregs harmonie moet handhaaf in terme van 'n hoeveelheid van regsbelange wat binne die Staat bestaan, een van die primêre komponente van die owerheidstaak, dan kan burgerlike ongehoorsaamheid ook gesien word as 'n proses waar daar teenkanting plaasvind teen hierdie betrokke faset van die owerheidstaak, maar wanneer u nou vir my vra of dit net rewolusionêr kan (10) wees, dan dink ek is dit problematies, omdat daar verskillende fasette van burgerlike ongehoorsaamheid kan wees.

Wat is die burgerlike ongehoorsaamheid? Is dit om 'n - deel van die protes, deel van die politieke protes? -- Dit kan 'n komponent daarvan vorm. Beslis.

En sal u saamstem dat in die algemeen die politieke skrywers beskou dit nie as 'n rewolusionêre aktiwiteit soos u dit beskryf nie? -- Wel, ek dink ons moet hier in ag neem dat ons met verskillende dimensies werk van waar hoort burgerlike ongehoorsaamheid. As dit die gevolg is van (20) die operasionalisering van 'n bepaalde rewolusionêre stryd dan is hy 'n komponent van die rewolusionêre stryd, maar anderins het ek mos reeds vir u gesê dat dit nie noodwendig 'n komponent hoef te vorm nie.

Goed, ek sal dit daar laat. As dit wel georganiseer is in verskillende lande, is dit sonder geweld? -- Ja, as dit nie 'n instrument vorm ten einde die oorkoepelende doelwit te bereik nie, dan kan dit nie beskou word as 'n komponent van 'n rewolusionêre stryd aan die hand van 'n spesifieke lyn hoe dit ontplooи nie. (30)

En sal u saamstem dat Ghandi het belang gestel in altwee,

... / in

in burgerlike ongehoorsaamheid en lydelike verset? -- Ek kan my nie daaroor uitspreek nie.

En dat daar vir elkeen van hulle, organisasie, dissipline en opleiding deur hom heeltemal noodsaaklik beskou was? -- Ek kan my weer eens nie daaroor uitspreek nie.

Dra u kennis van enige land gedurende die laaste dertig of veertig jaar waar fundamentele veranderings te weeg gebring is deur die metodes van burgerlike ongehoorsaamheid en lydelike verset? -- Nee, ek kan dit nie nou meld nie.

Dra u enige kennis van die "civil right movement" (10) of beweging van Amerika? -- Nee, ek het geen dieptestudie daarvan gemaak nie.

En u weet seker nie hoe om dit te onderskei van wat u as rewolusionêre oorlogvoering beskou nie? -- Indien 'n onderskeiding gemaak moet word, dan sal in die eerste plek aan die hand van die bepaalde rewolusionêre proses bepaal moet word of sodanige organisasie met so 'n aktiwiteit besig is. So, daar sal 'n analise gemaak moet word van 'n organisasie se optrede en doelstellings en so meer om te bepaal of hy by die spesifieke aspek inpas. (20)

In elk geval, u sê u het geen kennis daarvan nie? -- Nee.

U kan dit nie klassifiseer nie? -- Nee.

Dra u kennis of die Amerikaanse ondervinding van die jare 1950 enige invloed gehad het in burgerlike ongehoorsaamheid en lydelike verset? -- Nee.

Die kapasiteit van die organisasie om alledaagse probleme van die bevolking te hanteer, is dit net van rewolusionêre organisasies of is dit iets wat in die algemeen gebruik is deur gemeenskapsorganisasies? -- As ek u reg verstaan, om die grieve van mense te eksploiteer? (30)

Nee, nie te eksploiteer nie. Waarom gebruik u die

... / woord

woord eksploiteer? -- Ek het nie mooi gehoor wat u gesê het nie.

Enige organisasie, of dit nou 'n politieke organisasie is of 'n organisasie wat vir ouer mense sorg, enigets? Enige organisasie sal taamlik suksesvol wees as dit die probleme van 'n bevolking hanteer? -- Ek dink waarna ons hier moet kyk is dat 'n mens 'n bepaalde doelwit moet koppel aan waarom gaan ek teer op die probleme van 'n bevolking. Of ek die probleme wil manipuleer ten einde mobilisering te bewerkstellig om georganiseerd mense te betrek by 'n stryd(10) of ek op 'n probleem gaan teer ten einde bepaalde politieke beleid aan die volk te verkondig en deur middel van die konstitusionele proses dan die owerheidsamp te beklee na aanleiding daarvan.

Maar van die daad self, sal u nie in staat wees om te weet vir watter doel dit gedoen is nie. -- As ek net 'n organisasie sien wat probleme uitlig? Nee, dit gaan problematies wees. Net die daad sonder die konteks.

Stem u saam dat politieke partye, regeringsleiers, opposisieleiers, gemeenskapsorganisasies versoek maak (20) aan besigheidsmanne, professionele groepe en dies meer, om hulle gewig agter die leiers in te gooi? -- Ek dink van verskeie organisasies af gaan daar versoek aan besigheidslui en dies meer om steun te gee, maar weer eens hier, indien daar gekwalifiseer moet word, is die doelwit waarom steun benodig word van kardinale belang.

Ons kan u tesis nou verstaan. Ek wil vir u vra in verband met sekere van die punte wat u in u hoofgetuenis gemaak het. Wat verstaan u onder die woord propaganda? -- Met propaganda bedoel ek die kommunikering van 'n spesi- (30) fieke boodskap ten einde die mense te oorreed.

Wat is die verskil, as daar 'n verskil is tussen propaganda, inligting en onderwys? -- Ek dink wat inligting betref sou ek eerder die woord informasie gebruik. Dit is om gedagtes onder die mense te versprei sonder om 'n oorredingsfaset in te hê. Sonder om die mense te oortuig om deel te hê aan 'n bepaalde aspek, terwyl wat propaganda betref is daar inligting wat gebruik word, maar daar is ook 'n bepaalde oorredingskomponent ingebou ten einde steun te monster vir 'n spesifieke aspek.

Sal u sê dat propaganda dus iets meer is as informasie of inligting? -- Ja, dit is iets meer as informasie. (10)

Sal u saamstem dat die regering van amper alle lande propaganda gebruik? -- Ja, ek glo elke regering gebruik propaganda. Propaganda is dan ook 'n belangrike komponent van enige staat se buitelandse beleid.

En dit is nie iets wat eksklusief is aan 'n rewolusionêre organisasie nie? -- Nee. 'n Advertensiemaatskappy kan ook daarvan gebruik maak.

Ek het 'n bietjie moeilikheid met u definisie. Sou u godsdiens van u definisie uitsluit? -- Godsdiens is 'n medium wat gebruik kan word om daardeur propaganda te versprei, maar godsdiens is nie propaganda nie. (20)

Wat is die verskil tussen propaganda en onderwys? -- Onderwys gaan oor die opvoeding van mense, maar indien daar 'n bepaalde doel gekoppel word aan onderwys, kan dit natuurlik ook as 'n medium gebruik word vir propaganda.

Die definisie van propaganda is dit u eie definisie of het u iemand aangehaal? -- Nee, dit is nie 'n definisie wat ek hier gegee het nie. Dit is my siening oor die verskil tussen informasie en propaganda. (30)

Ek wil aan u die werk van 'n sekere Jacques Ellul toon.

... / Die

Die titel van die boek is "Propaganda the formation of man's attitude." Ek lees vanaf bladsy 127 "In fact, the two realities, information and propaganda, are so little distinct from one another that what the enemy says is nothing but propaganda, whereas what our side says is nothing but information. But there is more. In democracy, the citizens must be tied to the decisions of the government. This is the great role propaganda must perform. It must give the people the feeling which they crave and which satisfies them, to have wanted what the government is doing (10) to be responsible for its actions, to be involved in defending them and making them succeed to be with it." Sal u met daardie stelling saamstem of nie? -- Ek dink ons het by geen verskil in die betekenis van die begrip uitgekom nie. Al wat u vir my voorgehou het nou is dat wat die een kant propaganda noem, noem die ander kant inligting, maar dit het nog geen graadverskil vir ons aangedui tussen hierdie twee aksies nie. U het miskien een faset daar genoem wat belangrik is en dit is die kwessie van houding. Dat elke mens 'n bepaalde houding het ten opsigte van 'n kon- (20) disie en dat houding verander kan word deur middel van propaganda en dit is die oorredingsfaset wat ek voorgehou het in my verduideliking.

Ek wil aan u stel dat u klassifikasie van die bevolking in drie groepe, naamlik militantes, gemitigdes en neutrales, nie uiters oorvereenvoudig is nie of dat dit wel so is? -- Dit is oorhoofse teikengroepe.

Omdat ek dit aan u wil stel dat die definisies van u baie probleme skep. Sal u saamstem? -- Hoe bedoel u nou probleme skep met watter definisies? (30)

Is die klassifikasie iets wat u self uitgedink het, is

... / dit

dit u breinkind of is dit iemand anders s'n? -- Nee, dit kom ook in akademiese werke voor.

In wie se akademiese werke? -- Die werk van Baljud Sing en May Kuang. Miskien moet ek nou verder kwalifiseer oor May Kuang of Kuang May, soos wat hy staan. Kuang May was 'n polisie-offisier gewees gedurende die Chinese rewolusionêre stryd en Kuang May het insae gehad in die primêre dokumente wat ook vertroulike dokumente was gedurende die Chinese rewolusionêre stryd. ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Dit is 'n polisieman se klassifikasie? -- Nee, miskien(10) moet ek verder gaan wat Kuang May se klassifikasie betref.

Wat Kuang May betref het hy gedurende die sestigerjare 'n besoek gebring aan die VSA, dit was by die Michigan State University, as ek reg onthou, waar hy in samewerking met prof. Baljud Sing, wat toe 'n adjunk of mede-professor was aan die Michigan State University, 'n werk aangepak het oor rewolusionêre oorlogvoering. Ek dink in sy inleiding tot die werk word daar baie duidelik aangegee oor die agtergrond van Kuang May wat dan die outeurs tot spesifieke gevoltagekkings laat kom. (20)

Hoe interessant dit ook al mag wees, ek kan nie aan enige van hulle enige vrae stel nie, maar ek wil aan u stel dat u klassifikasie heeltemal ongeldig is en ek wil net aan u sekere vrae daaroor stel. -- Nee, as oorhoofse teikengroepe met die begin van 'n rewolusionêre stryd aanvaar ek dat die bevolking indrie oorhoofse teikengroepe verdeel is. Dan praat ek nie van spesifieke teikengroepe nie.

Sal daaglikse gebeure nie die gevolg hê dat die mense se houdings ten opsigte van die regering of die rewolusionêre organisasie of die massa gemeenskapsorganisasie verander (30) as gevolg van hulle onderskeie suksesse of neerlae? -- Nee,

... / daaglikse

daaglikse gebeure dink ek nie kan 'n houding verander ten opsigte van of daar steun aan rewolusionêre of dan regering toegesê word nie.

Waarom nie, as daar 'n treurige daad van terreur is deur die rewolusionêre organisasie, waarom sal mense se verhoudings nie teen die rewolusionêre organisasie gekant wees nie? -- Hy hoef nie noodwendig teen die rewolusionêre organisasie gekant te wees nie, maar hy kan hom dan wel steun as gevolg van die magsdemonstrasie van 'n rewolusionêre beweging. So, die hipotese wat u gemaak het dat hy dan (10) teen die rewolusionêre organisasie kan wees, kan ook presies die teenoorgestelde wees, dat hy dan wel inval met die rewolusionêre proses ten einde sodanige gewelddadige optrede vry te spring.

Sou persone in die bevolking 'n etiket dra volgens hierdie klassifikasie en 'n ander persoon 'n ander etiket dra? -- Nee, ek dink u is nou besig met miskien 'n saak wat nie definitief bepaal kan word nie. Dit sal dalk aan die hand van 'n meningsopname bepaal kan word wat die situasie is, maar indien u gaan kyk na die vertrekpunte in dié verband, (20) sal u vind dit is nie net hierdie twee outeurs wat ek genoem het wat die standpunt huldig nie en dan heg ek heelwat waarde aan die Kuang May standpunt ... (Mnr. Bizos kom tussenbei

Dit maak nie saak wie nog die ... -- Daar is ander outeurs ook wat die standpunt huldig dat aan die begin het 'n mens drie klassifikasies.

Laat ons die logika daarvan ondersoek. Daar sal miskien baie mense wees wat dieselfde fout maak.

HOF : Het die getuie dan gesê dat iemand wat in een klassifikasie val altyd in daardie klassifikasie bly? Die (30) toestand is tog vloeibaar. 'n Gematigde persoon kan neutraal

... / word

word of hy kan militant raak. Daar kan dus beweging wees tussen die groepe, maar sê u dat daar 'n ander klassifikasie moet wees?

MNR. BIZOS : Nee, daar sal beweging wees, maar daar is ook moeilikheid met die klassifikasie in dié sin, was daar 'n rewolusionêre organisasie in Frankryk gedurende die bewind van die Vichi(?) regering? -- Nee, ek weet nie.

U weet nie? -- Nee.

Weet u wat die Vichi regering beteken? -- Nee.

Weet u wie De Gaulle was? -- Ja, ek het darem gehoor(10) van De Gaulle.

Wie was hy? -- Later 'n Franse president, ook 'n belangrike strateeg, natuurlik, wat betref Frankryk vir die onafhanklike ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Was hy nie verantwoordelik vir 'n deel van die rewolusionêre oorlogvoering teen Vichi gedurende die jare 1939 tot 1945? -- Nee, ek het geen studie in dié verband onderneem nie.

In daardie situasie, wie sou die militantes gewees, wie die gemitigdes en wie die neutrales? -- Nee, ek weet (20) nie. Ek sal die situasie moet gaan analyseer en 'n analise daaruit maak.

In Angola, wie is die militantes en wie is die gemitigdes en wie is die neutrales? -- As u kyk daar in die stuk voor u, dan sal u vind dat ek 'n bepaalde kwalifikasie geheg het aan elkeen van hierdie teikengroepe. Dit wil sê, ek sê nie wie nie, maar dit gaan oor 'n bepaalde houding, naamlik dat wat die militante betref, 'n pro-revolusionêre houding, wat die gemitigde betref, 'n pro-regeringshouding en dan die onbetrokke neutrale. (30)

Wat maak ons met mnr. Zavimbi? Waar is die militantes

... / en

en waar is die gematigdes en waar is die neutrales in mnrv.
Zavimbi se teenwoordigheid daar in Angola? Eerstens, is
mnrv. Zavimbi se UNITA 'n rewolusionêre organisasie? -- Ek
het UNITA nie in detail geanalyseer nie. So, ek het nie
my criteria geneem en gaan bepaal of hy rewolusionêr is
nie.

Hulle is besig om, volgens wat ons lees, die regering
van Angola te verwerp. Is dit nie 'n rewolusionêre organi-
sasie nie? -- As u sê hulle is besig om die regering omver
te werp ... (Mnr. Bizos kom tussenbei) (10)

Weet u nie of hulle besig is om dit omver te werp
nie? Lees u nie die koerant elke oggend of elke aand nie?
-- Ek weet van UNITA se stryd.

Is dit 'n rewolusionêre organisasie of nie? -- UNITA
maak van guerrilla-oorlogvoering gebruik.

Is dit 'n rewolusionêre organisasie of nie? -- Ek sal
dit moeilik kan klassifiseer omdat ek eers die hele totaal
opset sal moet klassifiseer.

Wie het UNITA gesteun tot 1974? -- Ek is nie spesifiek
seker daarvan nie. (20)

Weet u nie dat dit China en Zambië was nie? -- Nee,
ek het nie geweet nie.

En daardie - as dit nou reg is, wie is die militantes,
die gematigdes en die neutrales? -- Wel, soos ek vir u sê,
in enige rewolusionêre stryd is daar diegene wat die organi-
sasie steun, diegene wat die regering steun en diegene wat
dan die onbetrokke neutrale is. Ek het ook die operasionele
plan geskets ten opsigte van die bepaalde teikengroepe.

Maar wat gebeur as daar nou veranderings is dat UNITA
deur die Verenigde State en miskien Suid-Afrika gehelp is (30)
gedurende 1975? Is daar nou heeltemal 'n verandering in

... / daardie

daardie organisasie? -- VERanderinge ten opsigte van?

In verband met wie sou nou die militantes; gemitigdes of neutrales wees? -- Daardie drie teikengroepe gaan voortdurend onder die bevolking teenwoordig wees.

In verband met die Nicaragua, weet u iets daarvan? -- Nee, ek het nie die Nicaragua bestudeer nie.

U weet niks daarvan nie? -- So nou en dan hoor ek iets oor die nuus. Dit is al. Ek kan dus geen uitgebreide mening daaroor uitspreek nie.

Het u enige rewolusie bestudeer en gepoog om die (10) mense op die klassifikasie te plaas? -- Nee, dit het ek mos 'n geruime tyd gelede vir u gesê dat my terrein is nie die bestudering van rewolusionêre oorloë nie.

Is gemitigdes altyd die ondersteuners van die regering? -- Nie noodwendig ondersteuners van die regering nie, maar diegene wie hulle daarmee identifiseer.

Omdat ek aan u wil stel, dat die klassifisering of klassifikasie op geen wetenskaplike manier gedoen is nie, maar dit is net gedoen omdat dit goed klink, alles is in drie - soos Confucius. -- Wel ek het reeds vir u die persoon (20) genoem van Kuang May wat die rewolusionêre stryd in China beloof het en dat Kuang May na aanleiding van die rewolusionêre stryd sodanige klassifikasie gemaak het.

Sal u saamstem dat dit 'n ideologiese klassifikasie is en nie 'n wetenskaplike klassifikasie nie? -- Nee, ek kan glad nie sien hoe u die ideologie uitbring by die klassifikasie nie.

Omdat daar 'n waarde-oortuiging is - 'n waarde-oordeel is as iemand sê hy is 'n militant of 'n neutraal of 'n gemitigde. -- Wat u nie uit die oog uit moet verloor nie is dat ons (30) hier werk met rewolusionêre oorlogvoering. Dit as komponent

van rewolusionêre oorlogvoering wat 'n onkonstitusionele proses is en 'n proses gemik op 'n politieke magsoornname in 'n staat.

Wie is Serkesiam? -- Hy is 'n professor in staatsleer aan die Lojola Universiteit.

Waar is dit? -- Dit is in die VSA.

Wat is die status van daardie universiteit? -- Nee, ek is nie spesifiek seker nie, maar wat ek wel kan sê is dat die werke van Serkesiam vry algemeen gebruik word ook in Suid-Afrika en dat daar detailstudies van sy denke (10) in dié verband gemaak word.

Behalwe in u departement by die Universiteit van Bloemfontein, by watter ander universiteit is sy werk gebruik omdat my inligting is dat sy naam nie verskyn in enige van die biblioteke waartoe ons toegang het nie. -- Die grootste universiteit in Suid-Afrika UNISA.

Is daar 'n afskrif daar? Ons sal dit miskien probeer opspoor. In verband met die Mao Tse Tung, sal u saamstem dat alhoewel hy baie geskryf het in Selected Works, waarvan u melding gemaak het, sy militêre geskrif ongeveer 'n (20) honderd bladsye is? -- Wat bedoel u met sy militêre geskrif?

Wat hy geskryf het oor ... -- Die guerrilla-oorlogvoering?

Ja, die guerrilla-oorlogvoering. -- Of mobiel. Hoe

Hoeveel bladsye is daar? -- Nee, dit is moeilik om te sê hoeveel bladsye daar is.

Min of meer? -- Hoeveel oor militêr gaan?

Ja? -- Nee, dit is 'n groot gedeelte - al sy werke handel oor militêr. Die taktiese beginsels binne die konteks van guerrillataktiek lig hy dalk nie altyd pertinent uit soos wat 'n militêre taktikus dit sal wil sien op papier (30) nie, maar as u byvoorbeeld gaan kyk na sy taktiese beginsels

van verrassing en beweging en misleiding en so, dan glo en akkommodeer Mao dit ten volle.

Stem u saam dat Mao Tse Tung 'n Marxis was? -- Ja, Mao Tse Tung was 'n Marxis.

En die ander twee of drie persone wat u bestudeer het, was ook Marxiste, nie waar nie? -- Wat Guevara betref, bestaan daar natuurlik meningsverskil. Party mense sê nie. Ander mense klassifiseer hom definitief as Marxis.

Of hy nou heeltemal 'n Marxis was of nie, weet u of Che Guevara wel bekend was - kennis gedra het van Maxisme? --(10) Ja.

Wat is u kennis van Marxisme? -- Nee, my kennis is nie goed nie.

Het u Marx ooit gelees? -- Nee, ek het hom nie in detail bestudeer nie.

En Engels, het u hom gelees? -- Nee.

Het u enige van die skrywers soos Ricardo Smith, Wolff of McLellan ooit gelees? -- Nee.

Sal u nie saamstem dat om die mense te verstaan en om enige teorieë op hulle werke te probeer formuleer, dat (20) kennis van Marxisme nodig is nie? -- Dit sou dalk belangrik wees om te kyk na aanleidende denkers, maar wat betref die daarstelling van 'n spesifieke strategiese patroon na die ontstaan van 'n oorlogvoeringstipe sou ek sê hullekan blootl geakkommodeer word in terme van moontlik aanleidende denke., maar die strategie is nie deur hulle neergelê nie.

Wat was Mao se mening in verband met die klasstryd? -- Ja, Mao het spesifiek gesê dat die klasse stryd 'n integrale komponent is.

Van wat? -- Van die rewolusionêre stryd. (30)

Maar hoe kan u die klasstryd verstaan as u nie Marxisme

... / bestudeer

bestudeer het nie? -- Omdat wat betref strategiese patrones ons nie spesifieker n bepaalde idiologie kan koppel aan strategiese patrones nie. Ek vind dat sommige denkers wil verklaar dat rewolusionêre oorlogvoering na n bepaalde idiologie teruggevoer moet word, maar strategiese patrones kan nie na n idiologie toe teruggevoer word nie. Die klassestryd is een komponent van hierdie strategiese patroon.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 26 AUGUSTUS 1986.

(10)

K417

HOF HERVAT OP 26 AUGUSTUS 1986.

LUKAS CORNELIS ANDRÉ PRUIS, nog onder eed
KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mn. Pruis,
 sal u saamstem dat dit die gewoonte van politieke partye
 is om hulle eie beuel te blaas van tyd tot tyd? -- Om hulle
 eie beuel te plaas van tyd tot tyd?

Ja. -- Dit wil sê hulle eie belang of programme van
 beginsels te probeer bevorder?

Of uit te gee dat hulle die voorbokke van sukses is?

HOF : Alle wysheid in pag het en alles kan oplos. -- Ek (20)
 dink dit is n breë veralgemening ten opsigte van politieke
 partye. Dit kan wees dat daar wel politieke partye is wat
 poog om hulle eie beuel te blaas.

MNR. BIZOS : Hoor ons nie dat die regering is die enigste
 middel waardeur dit of dat kan gebeur of van die ander party
 dat die regering se beleid bankrot is en dit is net deur
 die beleid van n opposisie party dat ons sukses kan behaal?
 Is dit nie die gewoonte van politieke partye om so te praat
 nie? -- Elke politieke party poog om voldoende steun te
 verwerf ten einde die owerheidsamp te betree deur die (30)
 normale konstitusionele proses en op grond daarvan word sy

program van beginsels bekend gestel aan die kieserspubliek en ek sou sê dat daar dan ook kritiek teen ander politieke partye se beleidsrigtings uitgespreek word.

Is die antwoord op my vraag ja, nee of ek weet nie? -- Dat daar wel teen die regerende party kritiek uitgespreek word, ja.

Nee, dit was net 'n voorbeeld dat in die algemeen politieke partye hulle eie beuel blaas? -- Dit is een komponent van 'n politieke party se optrede.

En die kommunistiese party is geen uitsondering van (10) daardie verskynsel nie? Stem u saam? -- Ja, hy sal ook van sodanige optrede gebruik maak.

Het die kommunistiese partye in baie lande van die begin van die twintigste eeu krediet geneem deur die sukses of die sukses wat hulle beweer sukses is in die wêreld? -- As 'n mens na die algemene tendens kyk waarna u nou verwys en die rol van die kommunistiese partye wat dan ook duidelik voortspruit vanuit die rewolusionêre stryd is 'n voorbeeld in China, dat wat die kommunistiese party aldaar betref het hy 'n belangrike rol in die stryd gespeel en die komponent wat daarin vervat is, as u nou praat van internasionale sukses, is dat hierdie streng beskou word as 'n komponent van die sogenaamde wêrelREWOLUSIE. So, indien die kommunistiese party dan op grond van so 'n stryd sukses behaal, dan kan hy dit beskou as 'n stap in die rigting van die bereiking van die internasionale doelwit.

Die vraag is nie so wyd nie, in die algemeen is dit die gewoonte van verskillende kommunistiese partye dwarsdeur die wêrld om voor te gee dat hulle verantwoordelik is vir sekere suksesse in verskillende nasies of gemeenskappe? (30) Is dit so of nie? -- Ek sal dit analities moet gaan bepaal,

maar ek glo dit kan so wees.

U het ook gesê dat die rewolusionêre stryd op 'n sekere tydstip sou 20% wees van 'n militêre aksie en 80% van 'n nie-militêre aksie. Is dit u bevinding of is dit voorsitter Mao se gedagte? -- Nee, die kwessie van 'n 20/80 verdeling is nie deur Mao Tse Tung daargestel nie. Wanneer 'n mens gaan kyk na die proses waardeur sodanige rewolusionêre ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Die vraag is of dit u gedagte is en of dit Mao Tse Tung se gedagte is? -- Dit is nie Mao Tse Tung se gedagte nie. (10) Dit is 'n gedagte wat ook in bronne oor rewolusionêre oorlogvoering voorkom.

As dit nie Mao Tse Tung se gedagte is nie, wie se gedagte is dit? Wie het so gesê? -- As ek kan terugdink aan een nou, byvoorbeeld kolonel David Galula, 'n Franse militaris, het hy die stelling gemaak van 20/80, maar ek het ook gesê dat dit nie noodwendig 'n rigiede vasstelling behoort te wees volgens die Mao Tse Tung model, maar dat nie-militêre aktiwiteite aan die begin van die stryd 'n primêre rol vervul terwyl daar wel ook militêre aktiwiteite is wat in die eskaleringsproses (20) ontwikkel hy dan later tot groter militêre aktiwiteite soos wat ek dan aangedui het.

Ek wil net in kort 'n antwoord op my vraag probeer kry. Dit is nie Mao Tse Tung se gedagte nie, dit het u alreeds vir ons gesê? -- Nie die persentasieverdeling nie.

Dit is nie u gedagte of mening of bevinding as gevolg van enige navorsing nie. Is dit reg? -- Die persentasie aanduiding is nie deur Mao Tse Tung nie.

HOF : Nee, die vraag is of dit u idee is wat u uitgedink het, die 20/80? -- Nee, dit is nie myne nie. (30)

MNR. BIZOS : U het nou van 'n persoon Galula gepraat wat 'n

... / militêre

militêre man in Frankryk is. U weet nie op watter basis hy tot daardie gevolgtrekking gekom het nie? -- Na aanleiding van die evaluering van die stryd in Indo-China het hy die 20/80 verdeling gemaak.

Was hy 'n offisier in daardie stryd? -- Ja, hy was 'n Franse offisier gewees.

Het u miskien van enige offisier van Frankryk gehoor wat miskien oor Algerië geskryf het? -- Nee, ek het nie Algerië bestudeer nie.

Daar was ook 'n rewolusionêre organisasie daar waarin (10) Frankryk betrokke was? -- Ja.

As ons aanvaar dat dit reg was vir Indo-China is u nie in staat om enige mening uit te spreek of hoe die persentasies gegaan het in Algerië, of dit miskien die teenoorgestelde was nie? Oorspronklik was daar 'n militêre stryd, maar uiteindelik was dit 'n politiese en diplomatieke mening wat daar plaasgevind het. U is nie in staat om dit te erken of te ontken nie? -- Nee, wat Algerië betref nie 'n toepassing van die gedagte nie.

Weet uanneer Algerië onafhanklik geword het? -- Nee, (20) ek kan nie onthou nie.

Weet u vir ongeveer drie vanaf 1985 tot 1961 - jammer vanaf 1958 tot 1961 daar geen militêre aktiwiteit was nie, maar Algerië het onafhanklikheid gekry as gevolg van diplomatieke en politieke werk wat gedoen is deur die volk van Algerië? -- Ja, ek is bewus daarvan die Franse aanvanklik militêre oorwinnings behaal het en daarna as gevolg van politieke aktiwiteit met onafhanklikheid gekom het.

As dit wel waar is, is die persentasies dan heeltemal verkeerd, heeltemal anders? -- Nee, ek sou nie daarmee (30) saamstem nie. Wat die persentasie betref gaan dit oor die

... / spesifieke

spesifieke strategiese werkswyse. As 'n mens Mao Tse Tung sou lees soos wat ek dit gestel het, dan is daar nie 'n persentasie aanduiding in die werk aanwesig nie, maar die feit dat die aktiwiteite aanvanklik groter nie-militêr van aard is as militêr, kom baie duidelik na vore asook in die ontwikkelingsfase wat hy dan aandui vanaf 'n strategies defensiewe fase, 'n ewewig waar guerrilla-oorlogvoering 'n belangrike rol begin speel en dan uiteindelik die gedagte van 'n strategies offensiewe fase waar mobiele oorlogvoering die belangrikste rol speel. So, wat die strategiese werkswyse betref, is dit (10) baie duidelik dat dit ontwikkel van 'n groter klem op nie-militêre aktiwiteite na 'n groter klem op militêre aktiwiteite.

Sal u saamstem dat daar 'n rewolusionêre stryd in Algerië was gedurende die jare 1950? -- Ja, ek is bewus van die rewolusionêre stryd ... (Mnr. Bizo kom tussenbei)

Antwoord net ja, dan kan ons probeer om na die volgende vraag te gaan. Sal u nie saamstem as 'n akademikus dat dit onmoontlik is om enige algemene verklaring te maak in verband met die aard van die rewolusionêre stryd as u nie een van die belangrike stryde van die jare 50 bestudeer het nie? -- (20) Nee. Soos wat ek dit aan u duidelik gestel het, wat my terrein betref waarop ek werk, gaan dit oor die daarstelling van 'n strategiese werkswyse. Ek het dit reeds aan die Hof verduidelik watter aktiwiteite hier ter sprake is, naamlik dat daar 'n strategiese werkswyse eerstens bepaal word en my terrein is daarop ingestem om die breë strategiese werkswyse te bepaal. So, wat die volgende stap is, vanaf 'n strategiese werkswyse wat bepaal is vanuit die werke van grondleggers wat verder bepaal word, na aanleiding van analitici wat na hierdie strategiese werkwyse kyk en dan sou 'n mens (30) die strategiese werkswyse na tipiese oorlogvoeringsituasies

... / kon

kon neem om dan analities daarmee te handel. Ek het gepoog om dit aan u duidelik te stel dat dit twee komponente is van strategie wat duidelik van mekaar onderskei moet word.

Waar in Mao se werke wat u gelees het in verband met die militêre stryd handel Mao Tse Tung met skole? -- Nee, ek kan my nie herinner dat hy spesifieker na 'n skool verwys in 'n werk nie.

Die aard van die ... -- Miskien moet ek net sê ... (Mnr. BIZOS kom tussenbei)

U het my vraag geantwoord. Ek wil die volgende vraag(10) stel.

HOF : Kwalifiseer u die antwoord wat u gegee het, u kan u nie herinner dat Mao met skole handel nie? -- Hy verwys na 'n skool as 'n medium om te mobiliseer.

MNR. BIZOS : Waar? -- Dit kom voor in sy - die saamgestelde werk Selected Military Writings.

Ja, dit is volume 28. -- Dit is hier in die omgewing van bladsy 220 daar rond.

In watter volume? -- Nee, sy Selected Military Writings is een werk. (20)

Nie Selected Works nie? -- Nee, nie Selected Works nie, Selected Military Writings. Ek dink dit is op bladsy 220, maar ons kan dit gaan naslaan.

Praat hy van skole? -- Van skole as 'n medium ... (Mnr. BIZOS kom tussenbei)

Was daar skole in die terrein wat Mao in geopereer het? -- Ek het nie spesifieker gekontroleer of daar skole was nie, maar Mao noem die skole as 'n medium om te mobiliseer.

As daar wel gaan skole was in die terrein waar Mao geopereer het nie, gedurende die militêre stryd, was dit (30) seker net 'n teoretiese stelling wat hy daar maak? -- Wel,

... / die

die hele konsep van politieke mobilisering glo ek nie is net 'n teoretiese stelling nie, omdat hierdie aktiwiteit hy duidelik uitspel in "Problems of Strategy and anti-Japanese guerrilla war." So, in hierdie werk gaan dit oor 'n spesifieke aktiwiteit en ek dink nie hy sou daaroor geteoretiseer het as daar nie 'n klinkklare bewys was van dat hy dit wel as medium kan gebruik nie.

Die gebruik van skole om te politiseer of te mobiliseer is dit iets wat net die rewolusionêre organisasie van gebruik maak of is dit die gewoonte van 'n regering, politieke partye, (10) kulturele organisasies en ander organisasies? -- In die konteks waarin hy dit noem ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, ek praat van in die algemeen? -- Nee, nie om in daardie spesifieke verband te mobiliseer of te politiseer nie.

Maar is regerings van tyd tot tyd nie verantwoordelik vir 'n beleid in skole nie? -- Ja, maar die program van beginsels van die politieke party wat in die owerheidsamp geplaas word, word nie in die skool verkondig nie.

Is dit? -- Nee, ek glo dit nie. (20)

Het u ooit van Bantu Education gehoor? Of Bantoe Onderwys? -- Ek het wel die begrip gehoor, ja.

Is die beginsels nie deur dr. Verwoerd uiteengesit waaroer Bantu Education of Bantoe Onderwys moet gaan nie en wat die aard van die onderwys moet wees vir die Swartmense van Suid-Afrika? -- Ja, maar ons praat nou oor die program van beginsel van die politieke party wat in die owerheidsamp geplaas word.

En as dit nou die program van die beginsels van die nasionale party is, terwyl dr. Verwoerd die minister van onderwys was? -- Ek dink net ons moet hier onderskei tussen

program van beginsels van die politieke party en die beleid van die owerheid wat dan 'n politieke party is wat in die owerheidsamp geplaas word. Die program van beginsels glo ek nie word in die skole binne die konteks soos wat u dit nou aan my gestel het verkondig nie, want die program van beginsels van 'n politieke party is daarop ingestel om kieserskorps te skaar agter 'n politieke party ten einde hierdie politieke party in staat te stel om die owerheidsamp te beklee.

Wil u iets verder byvoeg in verband met die stelling (10) dat politieke partye en ander organisasies het 'n beleid om die jeugdiges en die skole te politiseer, organiseer en te mobiliseer vir wat hulle glo die belang van die land of die party is? -- Nee, ek is nie bewus daarvan dat 'n politieke party binne die konteks waarin u dit genoem het ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Wat is die Ruiterwag? -- Soos wat ek dit verstaan is die Ruiterwag een of ander geheime kulturele organisasie.

Vir watter doel? -- Wat ek al kon aflei uit die doelstellings van die organisasie is dit daarop afgestem om (20) Afrikanerkultuur te bevorder.

Dit het niks met die politiek te doen nie? -- Ek weet nie of die organisasie iets met die politiek te make het nie.

Is die Ruiterwag - bestaan dit in skole en universiteite? -- Ek weet nie of dit by skole en universiteite bestaan nie.

Is jong mense gevra om die beleid van enige politieke party te ondersteun? -- Jong mense in watter verband bedoel u nou? Is dit nou politieke partye wat jong mense vra om hulle agter die beleid te skaar of in watter hoedanigheid?

Nee, dra u kennis of die jong mense in die Ruiterwag (30) gevra is om die politieke program van enige politieke party

te ondersteun? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie.

Wat is Christelike Nasionale Onderwys? -- Ek glo dit is 'n kwalifisering in die verband dat die karakter van die onderwys van 'n Christelike aard moet wees.

Is dit nie die beleid van die nasionale party in verband met onderwys nie? -- Ek het al die begrip Christelik Nasionaal aangetref en gehoor van sprekers wat praat in terme van onderwys.

En is dit nie die beleid van die nasionale party nie?
-- Ek weet nie of hy spesifiek ingeskryf staan as beleid (10) van die nasionale party nie.

Wat was die onderwysbeleid voor 1948? -- Nee, ek is nie 'n kundige op die gebied van onderwysbeleid nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : En geheime organisasies? Is u 'n kundige op daardie gebied? -- Watter tipe geheime organisasies?

U praat van die Ruiterwag. Is u kundig op die gebied van die Ruiterwag? -- Nee.

MNR. BIZOS : Dra u geen kennis van die program van die nasionale party van 1948 af nie? -- Nee, ek bestudeer nie die (20) program van beginsels van die nasionale party nie.

En u het 'n meestersgraad in staatsleer? -- Miskien moet ek dit kwalifieer wat staatsleer betref. Verdeel dit in verskillende vertakkinge, naamlik die politikologie wat hom besig hou met politieke partystudies en programme van beginsels, internasionale politiek, dan die filosofie en dan strategiesestudies en my spesialiteitsrigting wat ek deurgaans gevolg het is strategiese studies.

Ek wil dit aan u stel dat die here waarop u staatmaak in 'n milieu gewerk het waar daar geen skole was nie, geen (30) paaie, geen dokters, geen koerante en in die algemeen die

mense ongeletterd was.

HOF : Sê u dat in die hele China daar geen skole was in daar-die tyd nie?

MNR. BIZOS : Nee, in die gebied waar dié here geopereer het.

HOF : Maar uiteindelik het hy die hele China corwin?

Wil u u nou tot die noordelike hoekie van China beperk?

MR BIZOS : Whilst it was still a revolutionary organisation in certain parts of China, none of the cities or none of the developed areas and that is the period that I am talking (10) about.

HOF : Goed, die stelling is dat daar geen skole, geen paaie en geen dokters en koerante was in die gebiede waar die here waarop u staatmaak, ek neem aan dit is De Bray en Guevara en Mao operatief was nie. Wat sê u daarvan? -- Dit is 'n stelling wat ek moeilik kan aanvaar. As 'n mens kyk na die gebiede waar Mao aktief was, het dit eerstens begin in die Hoenan(?) provinsie en dan die stryd wat gevoer is na die Kiangsi(?) provinsie, dan het hy dit spesifiek ook in sy program ingebou dat wat betref indien beheer oor 'n gebied (20) verkry moet word die haglike toestande huis wat onder die bevolking geheers het opgelos moet word deur die aktiwiteit van die rewolusionêre organisasie. So, die probleme waarna u verwys was Mao terdeë bewus van en dit was dan ook een van sy doelstellings om huis hierdie probleem te neutraliseer. So, die probleem uis uitgebuit en gemanipuleer, maar nou moet 'n mens natuurlik ook in gedagte hou dat sy primêre teikengroep wat hy aangespreek het, die klein boere in die stryd was omdat hy besef het in Hoenan met die herfsoes en die optrede van Chiang Kai Shek daarna, dat daar 'n geweldige (30) mag vir hom opgesluit is in die klein boer en daarom het

grondhervorming 'n primêre komponent van sy politieke alternatief gevorm.

Gedurende die jare 1930 toe Mao Tse Tung besig was, was daar 'n algemene onderwys vir die Chinese volk? -- Nee, ek is nie bewus daarvan of daar 'n algemene onderwysprogram was nie. In die werke wat ek gelees het maak hy deurgaans of lê hy deurgaans klem daarop dat die toestande haglik was en dat dan deur die proses van die rewolusionêre stryd die toestand wil verbeter.

Dra u kennis of miskien het u dit gelees dat dit (10) amper twaalf jaar geneem het om te begin lees in Chinees? -- Om te leer lees. -- Ek is bewus daarvan dat Chinees 'n geweldige moeilike taal is om te leer lees.

Die enigste jongmense wat skool toe gegaan het, was die seuns en dogters van die geleerde mense wat in beheer van die regering was? -- Ja, sy teikengroep, die sogenaamde landeienaars waaronder hy dan die burokrasie en hierdie mense ook klassifiseer was vir hom die bevoordeelde mense in China gewees.

Hy was besig toe dit nog - ons praat nie van toe dit (20) 'n alternatiewe regering geword het in 'n groot deel van China nie, maar terwyl dit 'n rewolusionêre organisasie was in klein gebiede in China. Gedurende daardie tydperk was sy stryd in die platteland, nie waar nie? -- Ja.

Sal u aanvaar dat die strategie van Mao irrelevant is in dorpsgebiede waar groot nywerhede is en waar die terrein heeltemal anders is as dié waarop Mao opereer het? -- Ja, synne is nie spesifiek van toepassing nie, maar dié van Marighella wel.

En die strategie van Mao, op die steun van die klein (30) boer gebaseer was? -- Ja, dit is reg.

Is dit beskryf in Marxistiese terme as die pre-kapitalistiese landboustadium? -- Ja, Mao het van die fudalisme gepraat deur die probleem wat daar was van die klein boer dat hy verdeel dan die klein boer ook in verskillende segmente, dié wat grond besit, dié wat minder grond besig en so meer en dit is juis 'n aspek wat hy dan gemanipuleer het as 'n knelpunt op grond waarvan hy mobilisering van stapel gestuur het.

U was gevra of u 'n deskundige is in geheime organisasies. Is rewolusionêre organisasies nie in die algemeen geheime (10) organisasies nie? -- Wat die rewolusionêre organisasie betref in totaliteit is daar overte en koverte elemente teenwoordig.

Maar in die algemeen, rewolusionêre organisasies is mos geheime organisasies ten minste in die teikenstaat, soos u dit noem? -- Nee, ek dink nie u kan dit klassifiseer as 'n geheime organisasie nie. Wat ek wil sê is daar overte en koverte elemente by betrokke.

'n Groot deel van sy werk is dan op 'n geheimsinnige manier? -- Wat die eerste fase betref is 'n groot deel kovert daarvan, maar daarna met die eskalering van die stryd is (20) dit suiwer overt van aard. Dit is 'n duidelik sigbare stryd. My antwoord in terme van 'n geheime organisasie was na aanleiding van u vraag gewees of ek 'n deskundige was op die gebied van geheime organisasies soos die Ruiterwag.

U het van mnr. Elliot Bateman melding gemaak. -- Ja.

U het gesê daar moet ondersoek ingestel word en na daar-die ondersoek moet die politieke program van die organisasie - as dit vasgestel is, moet dit in die politieke program ingesluit word. Is dit die rede waarom u mnr. Bateman genoem het? -- Ja, ek het bloot sy werk genoem omdat hy geskryf het oor(30) hierdie faset wat dan wel voorkom in die werke van die

grondleggers van 'n verkenning wat moet plaasvind ten einde die knelpunte te identifiseer.

Maar sal u saamstem, ons het nie mnr. Elliot Bateman nodig om dit vir ons te sê nie. Dit is eie "common sense" nie waar nie? -- Uit die werke van die grondlegger tree dit duidelik na vore. Dit was bloot in 'n gevolgtrekkende trant gewees, wat ek dit weergegee het.

In verband met die knelpunte wat geïdentifiseer moet word, is dit nie ook die werk van alle politieke partye nie? Soek hulle nie knelpunte nie? -- Ek sou nie sê dit is al (10) waarop 'n politieke party teer nie.

Soek politieke partye nie knelpunte om hulle teenstanders te kritiseer nie?

HOF : Te embarrasseer?

MNR. BIZOS : En te embarrasseer? -- Ja, 'n politieke party doen dit, maar met 'n ander doel.

U weet, die doel is sekerlik om die ander partye te embarrasseer en die volk te oorreed om te dink soos die party wil hê? -- Ja, ten einde dan deur middel van verkiesings dan die owerheidsamp te betree. (20)

Is dit nie die gewoonte van politieke partye om knelpunte te soek wat of waарoor die volk taamlik sterk voel nie? -- Ek sou sê gewoonte is dalk 'n - miskien 'n sterk uitdrukking in dié verband. 'n Politieke party gaan nie net van hierdie standpunt uit nie. Sy primêre opdrag is om sy program van beginsels aan die kieserskorps weer te gee. Gewoonte is vir my 'n bietjie van 'n veralgemening in dié verband om te sê dit is primêr 'n vertrekpunt van 'n politieke party.

Wat was die slagspreuke van die nasionale party in (30) 1948? Weet u? -- Nee, ek het nie sy slagspreuke bestudeer

nie.

Sou die belofte dat die mense in die toekoms weer wit brood sou kry, politieke slagspreuk wees van baie belang as hulle nie meer brood geëet het vir ongeveer sewe of agt jaar? -- Wel, dit kan in 'n verkiesingstryd seker 'n aspek wees indien dit 'n behoefté is.

En kan dit 'n regering embarrasseer? -- Indien 'n opposisie politieke party die rede daarvoor voor die deur van die regering lê?

Ja. -- Ek glo dit kan hom en embarrasseer. (10)

En beloftes aan mense wat pensioen kry? -- Ek dink 'n party wat deelneem aan 'n verkiesing moet daarteen waak om beloftes te maak wat nie uitvoerbaar is nie, omdat sy rigting-gewende vertrekpunt sy program van beginsels moet wees en nie die weergée van beloftes aan mense nie.

En as 'n minister miskien 'n fout maak in verband met die behoeftes van mense wat pensioen kry, is dit nie die gewoonte van die opposisie partye om te probeer om die minister te embarrasseer nie? -- Ek glo dit is altyd die gewoonte van 'n opposisie politieke party. (20)

En is dit nie mobilisering en politisering van die volk nie? -- Nee, dit gaan vir my daaroor dat wanneer ons praat oor politisering en mobilisering, ons hier twee kontekste van mekaar moet onderskei. 'n Politieke party kan sy program van beginsels weergee aan die kieserskorps ten einde steun te werf met die oog op 'n verkiesing, terwyl 'n rewolusionêre organisasie aan die hand van sy politieke program die bevolking tot aktiwiteite wil aanspoor binne die organisasies wat tot stand kom om aan die rewolusionêre stryd deel te neem. Dit is vir my verskillende kontekste waarvan ons hier praat. (30)

U het gesê dat die politieke program moet aanvaarbaar wees vir die meerderheid van die mense in die straat. Is dit reg? -- Ja, teneinde bevolkingsteun te werk vir aktiewe en passiewe deelname aan die stryd.

Is dit ook die gewoonte van politieke partye? -- Enige politieke party poog om die kieserskorps agter sy program van beginsels te verenig sodat hulle vir hom kan stem in 'n verkiesing.

Van tyd tot tyd is die legitimiteit van die regering in twyfel geplaas deur politieke partye? -- dit kan (10) gebeur dat 'n politieke party die sogenaamde legitimiteit aanspreek, maar ek dink dit is uiters moeilik om te bepaal wat onder legitimiteit van 'n regering beteken.

Byvoorbeeld as 'n regering volgens wet elke vier jaar 'n verkiesing moet hou en daarna die periode verleng tot sewe of agt jaar, van tyd tot tyd is dit nie die beskuldiging van die partye dat die regering nie legitimiteit het nie? -- Wel, ek is nie bewus daarvan of die terme legitimiteit dan gebruik word nie.

Het u moeilikheid met die woord? Julle hoef nie (20) daar te wees nie? Omdat as daar 'n verkiesing gehou sou gewees het, julle nie daar sou gewees het nie. Julle is mos - daar is legitimiteit in die regering? -- Dit kan wees dat 'n politieke party die legitimiteit van die regering bevraagteken.

As die opposisie partye die regering beskuldig dat dit nie 'n mandaat het om te doen wat hy van plan is om te doen nie, is dit nie om die legitimiteit van die regering in twyfel te trek nie? -- Ek sê weer eens dat wat legitimiteit betref is ek bewus daarvan dat dit 'n uiters komplekse proses is (30) om te bepaal is 'n regering legitiem al dan nie. Maar as 'n

... / opposisie

opposisie party sê hy bevraagteken die mandaat, kan hy aflei of daar legitimiteit ter sprake is.

In verband met u stelling dat van tyd van tyd, alhoewel daar nie 'n knelpunt teenwoordig is, 'n knelpunt gemanipuleer is of dit is op 'n onnatuurlike manier na vore gebring. Kan u onthou die voorbeeld wat u gegee het? -- Die voorbeeld, was dit van 'n bestaande wet wat daar kan wees wat in rewolusionêre organisasie bepaalde knelpunte kan identifiseer en op grond daarvan mobilisering van stapel stuur? Is dit die voorbeeld wat u in gedagte het? (10)

Ja, min of meer. Is dit nie die gewoonte van politieke partye en ander organisasies om die uitwerking van die een of ander van die statute van 'n staat te kritiseer nie? -- Ek dink nie u moet praat van gewoonte om die staat te kritiseer nie, maar ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, die wette van die land. -- U praat van die owerheid?

Die owerheid? -- Die wetgewende orgaan?

Ja, om te kritiseer en te sê dat die wet moet geskrap word? -- Daar kan politieke partye wees wat so 'n standpunt inneem ten opsigte van wette. (20)

En probeer die politieke partye en die ander organisasies om mense te oorreed dat die wet onbillik is, dat dit 'n deel van die volk onderdruk? Is dit die gewoonte van politieke partye en van organisasies wat nie rewolusionêre organisasies is nie in 'n staat? -- Binne die normale party politieke proses kan sodanige aktiwiteite voorkom.

In beide die politieke party en organisasies, byvoorbeeld - ek wil net vir u een voorbeeld gee. Die Kamer van Mynwese wat verantwoordelik was vir die skraping van die werkreservering? -- U gee dit as 'n voorbeeld van 'n organisasie buite die party politieke proses? (30)

Ja? -- Sodanige organisasies kan ook kritiek uitspreek.

En daar is organisasies wat nie rewolusionêre organisasies is nie en wat nie politieke partye is nie, wat byvoorbeeld eer of ander wet wil skrap en hulle is besig om mense te politiseer en te organiseer om teen daardie - teen die bepalings van die wet te wees. -- Dit kan wees dat mense mense beïnvloed om teen die bepalings van 'n wet te wees, maar indien dit 'n politieke party verteenwoordig, dan gaan dit daaroor om die kieserspubliek se steun te wen ten einde dan in 'n komende verkiesing vir sodanige party te stem. (10) Dit gaan nie daaroor om deelname te verkry ten opsigte van rewolusionêre optrede nie.

Weet u dat daar van tyd tot tyd, as daardie regering van plan is om 'n sekere wet - om vir 'n sekere wet te stem in die parlement, dat daar 'n groot kampanje teen daardie wet of die wysiging van die wet plaasvind in demokratiese state? -- Wel, ek glo dat indien dit ter sprake kom, kan daar opposisie partye wees wat ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nie net opposisie partye nie. Organisasies. -- Organisasies kan ook in dié verband aksies van stapel stuur om(20) mense te beïnvloed.

As 'n persoon met 'n meestersgraad kan u miskien vir ons 'n paar voorbeeld gee waar wette in demokratiese state gewysig is of teruggetrek is as gevolg van 'n groot kampanje deur die volk van die land teen daardie bepalings van daardie wet? -- Ek kan my nie 'n spesifieke voorbeeld herinner nou nie.

Het u ooit gehoor van die stryd van die vakbonde teen die arbeidsregering in Brittanje? Dit is toe mnr. Callaghan nog die Eerste Minister was? -- Ek het daarvan gehoor, ja. (30)

Kan u onthou dat mnr. Callaghan van plan was om 'n wet

te passeer om die magte van die vakbonde te beperk? -- Nee,
ek kan my nie so iets herinner nie.

En die opposisiepartye, die konserwatiewes het dit
gesteun, maar die vakbonde wat nie opposisie partye was
nie het so 'n groot lawaai daar gemaak dat die wetgewing
teruggetrek is? -- Ja, ek is nie bewus daarvan nie.

U het vir ons gesê dat die rewolusionêre organisasie
van tyd tot tyd bewerings van korruksie maak teen die amptenary
van die Staat. Is dit reg? -- Ja, dit is 'n faset wat in 'n
rewolusionêre organisasie kan manipuleer as 'n knelpunt ten(10)
einde mobilisering te bewerkstellig.

U weet, u het baie gedagtes van ander uitgespreek en
u sal miskien kommentaar wil lewer op die volgende. Ek
sal dit in Engels lees. "For evil to thrive, good men need
only keep quiet." -- Ek glo nie dit is 'n gedagte wat ek uitge-
spreek nie.

Nee, ek sê nie dit is u gedagte nie, ook nie myne nie.
-- Ek is jammer. Ek verstaan nou dat dit my gedagte is omdat
u sê ek het baie gedagtes van ander uitgespreek.

Ek wil u kommentaar hê op die gedagte "For evil to (20)
thrive, good men need only remain silent." -- Kan u dit dalk
vir my in Afrikaans weergee, asseblief?

Verstaan u nie die gedagte nie? -- Ek dink om enige
onduidelikheid uit die weg te ruim ... (Hof kom tussenbei)
HOF : Die kwaad gedy waar wyse manne stil bly. Goeie manne
stil bly. Waar die goeie burgers stil bly. -- Dit kan 'n
debatteerbare stelling wees indien u sê die kwaad gedy waar
goeie burgers stil bly. Ek dink nie dit hoef noodwendig 'n
appèl te maak op goeie burgers nie, omdat ons ... (Hof kom
tussenbei) (30)

Kom ons los maar die goeie gedeelte uit. -- Wel, die
... / kwaad

kwaad kan seker gedy waar goeie burgers stil bly, maar dan beskik die burgery oor ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MNR. BIZOS : Wat ek aan u wil stel is dit, dat ongelukkig is daar mos korruksie in verskillende state op verskillende tydstippe, nie waar nie? -- Ek glo dit kan state voorkom.

En dat dit ongelukkig dikwels gebeur? -- Dit kan seker van staat tot staat verskil waar dit dikwels of minder dikwels voorkom.

As 'n persoon met 'n meestersgraad in staatsleer, wat is u - wat gee u voor as daar wel korruksie is, wat moet die (10) burger doen? Moet hy stil bly omdat rewolusionêre organisasies die korruksie ook gebruik vir hulle doeleteindes? -- Nee, die burger hoef nie stil te bly nie, maar u noem die rewolusionêre organisasies. Daar gaan dit oor 'n spesifieke strategiese werkswyse wat daarna volg na aanleiding van die probleem wat geïdentifiseer word en gemanipuleer word.

Ek wil uiteindelik aan u stel dat alhoewel ons geen helderheid het waaroer u sê u 'n deskundige is nie, wil ek dit aan u stel dat u nie 'n deskundige is op die terrein waarop uself enige mening uitgespreek het nie? -- Ek sal (20) dit geheel en al ontken, omdat ek dit baie duidelik uitgespel het wat my terrein is, die strategiese werkswyse, die strategiese determinante in 'n rewolusionêre stryd en ek dink nie wat die strategiese determinante betref het ons by debatteerbare punte uitgekom nie. Die vergelyking met politieke party en politieke proses in dié verband, dink ek is nie vergelykbare situasies nie omdat daar wel lyne deurgetrek kan word ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Dit is nie 'n antwoord op my vraag nie.

HOF : U moet die getuie geleentheid gee om sy antwoord (30) te gee. -- Omdat daar wel lyne deurgetrek is wat eiesoortig

... / is

is aan elkeen van hierdie organisasies, maar wat die rewolusionêre betref, gaan dit daaroor dat deur middel van hierdie nie-militêre dimensies, mobilisering plaasvind en dan gebruik van die bevolking in 'n rewolusionêre stryd. Ek dink 'n mens moet gaan kyk byvoorbeeld na die werk van Guevara. U het hier melding gemaak byvoorbeeld van stakings, waar dit pertinent uitgespel word dat dit 'n strategiese proses in 'n rewolusionêre stryd is en dan val dit vir my buite die kader van die saak wat u geargumenteer het dat dit wel ook op ander terreine voorkom. Ek stem saam dit kom op ander(10) terreine voor, maar hier is 'n bepaalde strategiese werkswyse wat gevolg word.

Wat is die verskil tussen 'n kader en 'n organiseerder van 'n politieke party? -- Die organiseerder van die politieke party is daarop afgestem om aan die hand van die program van die beginsels steun te werf ten einde kiesers te oortuig om te stem vir 'n politieke party in 'n bepaalde verkiesing, terwyl wat die militêre en die politieke kader betref van die rewolusionêre organisasie, gaan dit ook oor hierdie mobilisering van die bevolking, maar om deel te naam aan (20) die rewolusionêre stryd, om nie binne 'n verkiesing steun te gee aan 'n bepaalde politieke party nie. Die metode wat u uitspel ten opsigte van die optrede, kan dieselfde wees wat die organiseerder en die kader betref, maar dit gaan hier oor 'n doelstelling wat grootliks van mekaar verskil waarom diemense oorreed moet word aan die hand van 'n bepaalde program.

HERONDERVAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MNR. JACOBS VRA DAT SAAK TOT MORE-OGGEND UITGESTEL WORD.
SAAK UITGESTEL TOT 27 AUGUSTUS 1986.